
DIE VERHOUDING TUSSEN SJP (PAUL) KRUGER EN JF CELLIERS IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, 1873-1895

Johan S Bergh

Universiteit van Pretoria

johan.bergh@up.ac.za

Johannes Francois Celliers was van 1873 tot 1887 redakteur van *De Volksstem* in Pretoria en Volksraadslid tot 1895 met sy afsterwe. Na sy vestiging in Transvaal het hy SJP (Paul) Kruger bykans vanuit die staanspoor teengestaan. Hy is oorspronklik vir die posisie van redakteur deur Staatspresident TF Burgers gewerf toe hy subredakteur van *Het Volksblad* in Kaapstad was. Hy was 'n sterk ondersteuner van Burgers en het selfs in later jare, 1885 en 1888, met toegeneentheid na hom en sy presidentskap verwys. Hoewel hy van oordeel was dat nóg Kruger nóg PJ (Piet) Joubert geskik was vir die posisie van staatspresident, het hy voorkeur aan Kruger gegee. Sy eerste keuse was vir 'n prominente persoon met tersiêre kwalifikasies. Hy het klaarblyklik van Kruger verwag om in 'n vroeë stadium af te tree en die presidentskap aan 'n beter toegeruste persoon af te staan. Celliers is in 'n groot mate hierin deur dr EJP Jorissen ondersteun, wat vir 'n tydperk staatsprokureur was... Celliers het Kruger nogtans weer as kandidaat vir die 1888-presidentsverkiesing teen Joubert ondersteun. Dit het selfs voorgekom of hy in hierdie tydperk meer goedgesind teenoor Kruger was – veral nadat Kruger met 'n groot meerderheid herkies is. In ander opsigte het hy sy kritiek op Kruger voortgesit.

Sleutelwoorde: JF Celliers, *De Volksstem*, SJP Kruger, PJ Joubert, EJP Jorissen, TF Burgers

The relationship between SJP (Paul) Kruger and JF Celliers in the Zuid-Afrikaansche Republiek, 1873-1895

Johannes Francois Celliers was the editor of *De Volksstem* in Pretoria from 1873 to 1887 and member of the Volksraad until his death in 1895. After he settled in the Transvaal he opposed SJP (Paul) Kruger on a regular basis. He was initially recruited for the position of editor by State President TF Burgers while he was subeditor of *Het Volksblad* in Cape Town. He was a strong supporter of Burgers and even as late as 1885 and 1888 he referred affectionately to him and his presidency. Although he did not regard either Kruger or PJ (Piet) Joubert as suitable for the position of state president, Kruger had his vote. His preference rather was for a person with tertiary qualifications. For most of his remaining term as editor he even seemed to expect Kruger to retire prematurely and hand over the presidency to a better qualified person. Celliers was largely

supported by Dr EJP Jorissen, who was state attorney for some time. In the 1888 elections Celliers nevertheless supported Kruger's candidacy against Joubert and appeared to be more benevolently disposed towards Kruger in this period – especially when a large majority re-elected Kruger. In other respects, however, he continued to be critical of Kruger.

Keywords: JF Celliers, *De Volksstem*, SJP Kruger, PJ Joubert, EJP Jorissen, TF Burgers

Inleidend

In hierdie artikel word die verhouding tussen twee prominente persone in die era van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) ontleed, naamlik Stephanus Johannes Paulus (Paul) Kruger (1825-1904) en Johannes Francois Cilliers (1839-1895). Laasgenoemde was redakteur van *De Volksstem* en 'n bekende openbare figuur in Pretoria. Hulle paaie het in die jare 1873 tot 1895 (met Cilliers se afsterwe) gekruis. Die artikel berus op die intensiewe benutting van tersaaklike sekondêre en primêre bronne. Sekondêre bronne sluit gepubliseerde werke en ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte in. Primêre bronne in Suid-Afrikaanse en Nederlandse argiefbewaarplekke is benut. Dit sluit ook eietydse koerante soos *De Volksstem* in. Die inligting wat op hierdie wyse bekom is,werp nuwe lig op die onderwerp.

Agtergrond

SJP Kruger en JF Celliers se vormingsjare was uiteenlopend. Na sy skoolopleiding in die Paarl het Cilliers onderwys gegee voordat hy as journalist en subredakteur by *Het Volksblad* in Kaapstad gewerk het. Hierteenoor het Kruger weinig formele onderwysopleiding ontvang as gevolg van sy vroeë jeug in die afgeleë grensgebied van die Kaapkolonie en sy deelname aan die Groot Trek. Na sy vestiging noord van die Vaalrivier het Kruger poste soos veldkorнет, kommandant, kommandant-generaal en visepresident met onderskeiding beklee voordat hy in 1883 tot staatspresident verkieks is.¹

President TF Burgers het Cilliers in 1872 genader om met *De Volksstem* in Pretoria te begin. Aanvanklik het onder andere NJR Swart (staatssekretaris), J Buchanan (staatsprokureur), HG Bergsma en Fredrich Jeppe finansiële ondersteuning hiervoor bewillig. Verder het Celliers die kontrak vir die druk van die *Staatscourant* van James Rous oorgeneem en sodoende 'n drukpers

1 WJ de Kock en DW Krüger (reds), Celliers, Johannes Francois, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II* (Kaapstad en Johannesburg, Tafelberg-Uitgewers Bpk, 1972), pp 130-131; WJ de Kock (red), Kruger, Johannes Stephanus Paulus, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel Beperk, 1968), pp 464-76.

bekom. *De Volksstem* is in Augustus 1873 geloods en het aanvanklik korter gedeeltes in Engels ingesluit. Van 1877 af het 'n gereelde afsonderlike Engelse weergawe weekliks verskyn.² Benewens sy werk as redakteur, was Celliers sedert die vroeë tagtigerjare ook lid van die Volksraad – hy het aanvanklik Bloemhof verteenwoordig en later die goudveld van De Kaap in die destydse Oos-Transvaal. Met die instelling van die Tweede Volksraad in 1890 is Celliers tot dié liggaam verkies en het Johannesburg verteenwoordig. Benewens sy redakteurskap en werk as lid van die Volksraad, was Celliers onder meer ook sekretaris van die Pretoriatak van die Afrikanerbond. Hy was die vader van die bekende Afrikaanse digter en skrywer Jan FE Celliers en skoonvader van die beeldhouer Anton van Wouw.³

Oorsig oor die verloop van die verhouding tussen Kruger en Cilliers

In Cilliers se hoedanigheid as redakteur van *De Volksstem* en later as lid van die Volksraad het sy pad gereeld met dié van Kruger gekruis. Hulle verhouding het deur vier fases beweeg wat elkeen in besonderhede onder 'n aparte opskrif bespreek word.

Die eerste fase was in die tyd van TF Burgers se staatspresidentskap (1872-1877). In hierdie fase het Cilliers hom baie nou by Burgers geskaar en Kruger se optrede in 'n groot mate gekritiseer as dit Burgers negatief sou raak. Hy is grootliks deur dr EJP Jorissen ondersteun, wat Burgers in 1876 in Nederland gewerf het. Jorissen was, opeenvolgend, staatsprokureur; lid van die Volksraad en later regter in die ZAR.

Die tweede fase het die jare ingesluit waartydens Kruger as lid van die Driemanskap die leiding geneem het (1880-1883), asook laasgenoemde se eerste termyn as staatspresident tot 1888. Cilliers was van oordeel dat een van die Driemanskap die pos van staatspresident moes beklee en het Kruger bo PJ (Piet) Joubert verkieë. Hy het nie hoë verwagtinge van Kruger gekoester nie en het laat deurskemer dat iemand wat beter gekwalifiseerd was, spoedig by hom moes oorneem. Kruger was dit nie eens met hierdie standpunt nie en het in korrespondensie van Maart 1883 laat blyk dat hy 'n goed deurdagte ontleding van sy eie tydsgees kon maak, ten spyte van sy gebrek aan formele onderrig. Kruger het verwys na die "modernes" en "ortodokses" van sy tyd. Hy het

2 PG Badenhorst, "Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1903" (MA-verhandeling, Unisa), 1940, pp 7-16; EL Buys, "Die drukkers- en uitgewersbedryf in Transvaal, 1857-1902; 'n biografiese studie" (MA-verhandeling, RAU), 1988, pp 34-41; HPH Behrens, *The Pretoria Press Story* (Pretoria, 1955), pp 8-9; PJ Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika (Kaapstad, 1943), pp 100-101.

3 WJ de Kock en DW Krüger (reds), Celliers, Johannes Francois, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp 130-131; JG Kotzé, *Memoirs and reminiscences II* (Cape Town, n.d.), p 230.

homself as “ortodoks” beskou en was van mening dat onder andere EJP Jorissen en EW Bok, die staatsekretaris, “modernes” was. Kruger het egter toegegee dat die twee here in die voorafgaande oorlog (1880-1881) waardevolle hulp verleen het, waarvoor hy opreg dankbaar was. Cilliers het grootliks aansluiting gevind by Jorissen se benadering.

Die verhouding tussen Kruger en Cilliers het egter gegroei en het ‘n derde fase bereik rondom die tydperk van Kruger se herverkiesing as president in 1888. Celliers het hom nie slegs sterk ondersteun nie, maar ook gedeel in die vreugde van sy oorwinning. Gedurende die vierde fase, ná Cilliers se beëindiging van sy redakteurskap van *De Volksstem*, was die verhouding tussen Kruger en Cilliers toegespits op hulle beredenering van belangrike aangeleenthede in die Volksraad.⁴

Kruger het ongetwyfeld sedert die vroeë jare tagtig ontwikkel en gegroei in sy algemene beskouings en evaluerings oor staatkundige, politieke en godsdienstige aangeleenthede. Dr WJ Leyds, latere staatsekretaris, het Kruger in sy latere jare as leier onthou as iemand wat nie “bekrompe van gees” was nie, maar dat “sy neiging was om liberaal te wees, ’n ontwikkelde man, in die politiek sowel as in sake wat godsdienst betref”.⁵ Jan C Smuts, wat sedert 1897 as prokureur-generaal nou met Kruger saamgewerk het, het in ‘n groot mate hiermee saamgestem.⁶

Standpunte oor TF Burgers en die Britse anneksasie, 1877

Hoewel Celliers in ‘n later stadium in *De Volksstem* die standpunt ingeneem het dat dié koerant onverbонde was en niemand blindelings gevolg het nie,⁷ was dit duidelik dat hy Burgers veral in die sewentigerjare sterk ondersteun het. Trouens, eietydse koerante soos die *Diamond News* en die *Advocate* was van mening dat *De Volksstem* ‘n uitgesproke kampvegter vir Burgers was.⁸ Vir die doel van hierdie artikel word aanvaar dat menings wat in hoofartikels van *De Volksstem* uitgespreek is, deurgaans die standpunte van JF Celliers weergegee het. In gevalle wanneer hy nie in Pretoria was nie en iemand anders hoofartikels namens hom geskryf het, is dit klaarblyklik gedoen met Celliers se beskouinge as uitgangspunt. Onafhanklik hiervan het Celliers ook menings in die Volksraad uitgespreek wat in ag geneem moet word.

4 Archief Nederlands-Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV), V1/506, Amsterdam, SJP Kruger – FL Cachet, Nederland, 1883-03-03; DW Krüger, *Paul Kruger I en II* (Johannesburg, Dagbreek-Boekhandel en Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1961 en 1963).

5 K van Hoek, *Gesprekke met Dr. W.J. Leyds* (Pretoria, 1939), pp 25-26.

6 JC Smuts – Emily Hobhouse, 1904-07-17, in WH Hancock and J van der Poel, *Selections from the Smuts Papers II* (Cambridge, 1966).

7 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* (Hoofartikel), 1888-01-13.

8 PG Badenhorst, “Die geskiedenis van ‘De Volkstem’...”, p 35.

De Volksstem het oënskynlik aanvanklik in die vroeë sewentigerjare afsydig teenoor Kruger gestaan. Na Kruger se bedanking as kommandant-generaal en lid van die Uitvoerende Raad in 1873, en veral toe hy in Oktober 1874 weer tot die laasgenoemde liggaam benoem is, het Celliers en *De Volksstem* egter met belangstelling van dié verwikkeling kennis geneem. Vir Celliers was hierdie gebeurtenis buitengewoon. Hy was vermoedelik nie op daardie tydstip op hoogte van die groeiende steun wat Kruger toe geniet het nie. Selfs Kruger het hierdie verwikkeling aanvanklik vreemd gevind.⁹ Hierna het *De Volksstem* egter meer belangstelling in hom begin toon teen die agtergrond van die presidentsverkiesing in die daaropvolgende jaar. *De Volksstem* het in hierdie verband berig dat Kruger ten tyde van 'n nagmaalbyeenkoms te Rustenburg die herverkiesing van Burgers aanbeveel het. Volgens hierdie berig sou Kruger laat blyk het dat hoe meer hy met Burgers te doen gekry het, des te meer het sy agting vir hom toegeneem.¹⁰ Kort hierna, op 6 November 1876, het Kruger 'n brief aan *De Volksstem* gestuur vir publikasie. Celliers sou ongetwyfeld hierin geïnteresseerd gewees het, veral omdat dit Burgers bevoordeel het:¹¹

In eene circulaire, onderteekend en verspreid door den Eerw. F. Lion Cachet, zie ik, dat ZHED de Staatspresident mij zou gepasseerd hebben als Commandant Generaal voor de expeditie naar Secocoenie [Sekhukhune] en mij daardoor zou beleedigd hebben. Zulks is onwaar, want de Staatspresident heeft mij bepaald gevraagd om die zware verantwoordelijk op mij te nemen vóór enig ander, maar ik weigerde zulks tot drie malen toe om voor mij bekende redenen. Verder hoor ik geruchten alsof ik op eene bijeenkomst te Rustenburg bij gelegenheid van het nachtmaal in October ll. zou gezegd hebben, dat de President 'bekeerd' was geworden. Die dat zegt spreekt een leugen want zulke woorden kwamen nooit over mijne lippen.

Die volgende dag het Kruger, in reaksie op 'n skrywe van PJ Joubert, weer sommige van hierdie punte in sy brief aan Joubert bespreek en verduidelik. Hy het ook vermeld dat Joubert daarvan bewus was dat hy met die vorige presidentsverkiesing gekant was teen Burgers se kandidatuur van vanweë laasgenoemde se liberale houding. Alhoewel, tydens die voorafgaande Volksraadsitting het Burgers self voorgestel dat die onderwyswetgewing,

9 Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika (hierna NASA), Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB,); SS 176, R 1603/70, *De Volksstem* 1874-10-31 (The Executive p 218, SJP Kruger – NJR Swart, 1874-10-26 en EVR 219, p 189, in JS Bergh, *Paul Kruger. Speeches and correspondence, 1850-1904*, pp 151-152; DW Krüger, *Paul Kruger 1825-1883*, I (Johannesburg, 1961), pp 104-105; 108).

10 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1876-10-07 (Local and General – Rustenburg). Vergelyk ook *De Volksstem* 1876-11-11 (Mr Paul Kruger).

11 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1876-11-18, p 3, SJP Kruger – *De Volksstem*, 1876-11-06.

waarteen Kruger hom sterk uitgespreek het, aangepas moes word. Dit was verder vir Kruger belangrik dat daar nie 'n persoon van buite, soos FW Reitz van die Vrystaat, as presidentskandidaat ingebring moes word nie. Hulle het, volgens Kruger, toe pas daarin geslaag om Burgers te laat aanpas en met 'n nuwe president sou hulle weer van vooraf daaraan aandag moes gee.¹²

Die klaarblyklike welwillendheid van *De Volksstem* teenoor Kruger het egter vinnig verander toe Kruger deur sy ondersteuners genader is om Burgers in die presidentsverkiesing van 1877 teen te staan en hy in Desember 1876 daartoe ingewillig het.¹³ Op 30 Desember 1876 het *De Volksstem* afwysend en spottenderwys daarna verwys: "Paul snelt toe tot die redding des lands, beware ons!" Verder het dié koerant 'n beroep op sy lesers gedoen om te voorkom dat die land die vernedering van 'n president soos Kruger sou ervaar. Volgens *De Volksstem* mag Kruger in sy persoonlike lewe 'n aangename, goeie en godsdienstige persoon gewees het, maar het benadruk dat hy onbevoeg was om president van die staat in daardie omstandighede te word. Dit sou agteruitgang beteken.¹⁴

Te midde van die onenigheid tussen die Burgers- en Krugerondersteuners het sir Theophilus Shepstone, in opdrag van die Britse regering, in Januarie 1877 in Pretoria aangekom. Dit het nuwe uitdagings meegebring wat die stryd tussen Kruger en Burgers grotendeels op die agtergrond geskuif het. Van 29 tot 31 Januarie het Kruger en Jorissen uitvoerige gesprekke gevoer met M Osborne en Joseph Henderson, wat Shepstone verteenwoordig het. Hulle kon in hierdie stadium egter nog nie die werklike doel van Shepstone se besoek aan die Transvaal agterkom nie.¹⁵ Teen die middel van Februarie was Kruger voldoende ingelig om negatief in die Volksraad op die konsep van die Britte van 'n konfederasie/federasie van state in suidelike Afrika te reageer. Sy standpunt was dat die bevolking in Transvaal dit nie versoek het nie. Dit was 'n versoek van buite Transvaal. Boonop het Volksraadslede 'n eed gesweer om die onafhanklikheid van die land te handhaaf.¹⁶ *De Volksstem* het kort hierna in hoofartikels na die onderskeie standpunte van Kruger en Theophilus Shepstone verwys. Op 3 Maart het *De Volksstem* Shepstone se uitgangspunt geïnterpreteer as dat indien Kruger tot president verkies sou word,

12 NASA, TAB, A 14, PJ Joubertversameling, Deel 6, No. 630, SJP Kruger – PJ Joubert, 1876-11-07, gepubliseer in JS Bergh, *Paul Kruger. Speeches and correspondence, 1850-1904*, pp 157-158. Kyk ook Kruger se opmerkings in die Volksraad op 1876-05-11 oor die belangrikheid van die Bybel in die onderwys.

13 *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 1877-01-03, No. 666, xx.

14 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1876-12-30 (Presidential Election).

15 JS Bergh, *Paul Kruger. Speeches and correspondence, 1850-1904*, pp 162-170.

16 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1877-02-24 (Minutes of the Volksraad, 16 February 1877).

dit nie bevorderlik vir die behoud van die ZAR se onafhanklikheid sou wees nie.¹⁷ Enkele dae later, op 7 Maart, het *De Volksstem* kortliks na Kruger se beskouing van onafhanklikheid in die Volksraad verwys. Hiervolgens was Kruger sterk ten gunste van die behoud daarvan, maar sou ander lede van die regering daaroor geswyg het. Dit het tot spekulasie gelei dat daar verdeeldheid in die Uitvoerende Raad hieroor bestaan het.¹⁸

Celliers het in later jare terugskouend homself in ten minste twee inleidingsartikels weer sterk positief oor die presidentstydperk van Burgers uitgespreek. In November 1885 het hy Burgers beskryf as die doeltreffendste en mees patriotiese president wat Transvaal toe nog gehad het. Terselfdertyd het hy ook na Burgers se progressiewe standpunte in verband met godsdiens verwys.¹⁹ Ongeveer twee jaar later het Celliers weer goedkeurend in meer besonderhede terugverwys na die Burgerstydperk. Volgens hom het diegene wat teen die einde van hierdie fase teen Burgers gekant was na 'n ander persoon gesoek om die presidentsamp te vul. Uiteindelik het hulle keuse op Paul Kruger gevall, vir wie hulle oorreed het om hul rekwisisie te aanvaar. In opvolging hiervan het *De Volksstem* destyds met oortuiging die kandidatuur van Burgers ondersteun en dié van Kruger ten sterkste afgekeur. In daardie kritieke stadium was Cilliers oortuig dat teenstand teen die Burgerskandidatuur en die ondersteuning van Kruger tot verdeeldheid en swakheid in die staat sou lei. Celliers se argument was dat dit die weg vir Shepstone sou gebaan het om Transvaal in April 1877 te anneksieer.²⁰ Wat Celliers egter hier verswyg, was dat hy reeds Kruger se kandidatuur teen die einde van 1876 sterk teengestaan het, voordat Shepstone se besoek aan Pretoria hoegenaamd ter sprake was.²¹

Na die anneksasie van Transvaal, het Celliers aanvanklik besluit om nie die nuwe regeerders vyandig teen te staan nie. Hierdie benadering, tesame met ander faktore, het daar toe bygedra om die deputasie van Kruger, Jorissen en Bok na Engeland in 1877 en 1878 in 'n moeilike posisie te plaas. Tydens hulle ontmoetings met lord Carnarvon het inligting met hierdie standpunt in die hoofartikel van *De Volksstem* van 25 April 1877 Carnarvon bereik. Hierin het *De Volksstem* na die anneksasie as onherroeplik verwys en is 'n beroep op burgers van Transvaal gedoen om hulle daarby te berus.²² Celliers het intussen teenstand van Shepstone in Transvaal ervaar nadat *De Volksstem* kritiek teenoor die Britse regeerders begin uitspreek het. Dit het meegebring dat hy hom mettertyd weer in

17 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1877-03-03 (Hoofartikel).

18 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1877-03-07, p 3 (Hoofartikel).

19 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-11-15 (Hoofartikel).

20 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-01-13 (Hoofartikel).

21 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1877-12-30 (Presidential Election).

22 DW Krüger, *Paul Kruger 1825-1883*, I, p 139.

die kamp van die teenstaanders van Britse anneksasie bevind het.²³

Celliers se aanvanklik negatiewe beoordeling van Kruger, 1881-1887

Na afloop van die onafhanklikheidsoorlog van 1880-81 en met die naderende presidentsverkiesing van 1883, het Celliers en enkele ander persone aanvanklik hoofregter JG Kotzé, met wie hy bevriend was, as kandidaat genader. Celliers het hom egter kort daarna bedink en aan Kotzé meegedeel dat hy van plan verander het en tóé van oordeel was dat dit in daardie omstandighede beter sou wees om voorkeur te gee aan een van die Driemanskap (SJP Kruger, PJ Joubert en MW Pretorius).²⁴

Hoewel *De Volksstem* Kruger se kandidatuur in die presidentsverkiesing ondersteun het, het Celliers dit terselfdertyd duidelik gestel dat hy sekere voorbehoude daaroor gehad het:²⁵

Nooit hebben wij het verzwegen dat wij persoonlijk een man aan het hoofd van den Staat begeerden van meer veelzijdige ontwikkeling dat de heeren Kruger en Joubert ... Maar wij kenden den stand der partijen en zagen duidelijk genoeg in, dat het voorstellen van een kandidaat met de door ons begeerde kwalifikatien ... stellig verdeeldheid en tweespalt zou veroorzaakt hebben ... Wij lieten persoonlijke vóór- en tegeningenomenheden varen in het algemeen belang van land en volk en wij stonden beslist de kandidatuur voor van Paul Kruger ... Wij spiegelen ons geene schitterende staatsgrepen voor van den neuen President ... Maar wij hebben vertrouwen in zijne kennis van de behoeften en begeerten van zijn volk, in zijne kennis van de toestanden en omstandigheden des lands en van de naturellen, binnen en buiten de grenzen. Wij kennen zijn beleid en voorsigtigheid, maar tevens zijne vatbaarheid voor goede raadgevingen. Bovenal hebben wij vertrouwen in zijne liefde tot zijn land en tot zijn volk, en wij houden ons er van verzekerd dat als hij ziet dat het land hem te ver vooruit gaan, hij als eerlijk man en waar patriot bereid zal zijn, de teugels van het bewind in andere handen over te geven en zijn kennis en invloed gebruiken zal om een man van die noodige bekwaamheden en talenten in zijne plaats te verkrijgen.

Minder as 'n maand na Kruger se verkiesing het Celliers / *De Volksstem* die inwydingsfunksie van Eerste Fabrieken ("Volkshoop") bygewoon en verslag gelewer oor Kruger se lang toespraak by dié geleentheid, oënskynlik goedkeurend. *De Volksstem* het onder meer opgemerk dat dit 'n betekenisvolle

23 PG Badenhorst, "Die geskiedenis van 'De Volkstem'...", pp 38-9. Vergelyk ook JG Kotzé, *Memoirs and Reminiscences II*, p 228.

24 JG Kotzé, *Memoirs and reminiscences II*, p 24

25 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1883-05-16, p 2 (Hoofartikel).

gebeurtenis was wat prominent in die geskiedenis van Transvaal aangeteken sou word.²⁶

In teenstelling met die positiewe afloop van die gebeure by Eerste Fabrieken vir Kruger, was daar die onsekere en selfs negatiewe aspekte wat saamgeheng het met sy voorbereiding vir die voorgenome besoek aan Londen in 1883. Kruger het beplan om meer voordeelige bepalings te beding as dié wat in die Konvensie van Pretoria (1881) opgeneem is.. Dr EJP Jorissen, staatsprokureur en vriend van Celliers, was baie nou hierby betrokke. Hy was in daardie stadium met persoonlike verlof in Europa en was gewillig om vroeë onderhandelinge met die Britse regering in hierdie verband aan te knoop. Hiermee was hy gedeeltelik suksesvol. Gelykydig met hierdie verwikkelinge het hoofregter JG Kotzé, SJ du Toit, Superintendent van Onderwys, en ander persone intussen in Pretoria pogings aangewend om Jorissen uit sy posisie te laat ontslaan. Hulle oorwegings was uiteenlopend van aard. Een van die argumente wat in hierdie verband gebruik is, was dat Jorissen, wat sy doktorsgraad in die teologie behaal het, nie ten volle vir die posisie van staatsprokureur gekwalifiseerd was nie. Hoewel Kruger bewus was van hierdie pogings om Jorissen te diskrediteer en hom ook in die Volksraad verdedig het, het hy klaarblyklik sy tussenkom in hierdie verband te lank uitgestel. Dit kan moontlik deels daaraan toegeskryf word dat hy Jorissen in daardie stadium as een van die sogenaamde “progressiewes” of “modernes” beskou het en homself as “ortodox”. Na sy vorige besoeke aan Europa was Kruger goed op hoogte van hierdie strominge. Hy het nogtans die standpunt ingeneem dat hy na die anneksasie van Transvaal en die oorlog wat daarop gevolg het, waardevolle hulp ook van “modernes” plaaslik en in Nederland ontvang het en dat hy steeds met hulle saamwerk. Kruger se werwing van dr WJ Leyds in Europa om Jorissen op te volg, sluit hierby aan. Leyds kan ook as ‘n “moderne” beskou word. In teenstelling met Jorissen, het hy oor ‘n doktorsgraad in die regsgemeleerdheid beskik.²⁷ Na afloop van hierdie gebeure en na Jorissen se terugkeer na Transvaal vroeg in 1884, was die verhouding tussen hom en Kruger gespanne. Jorissen is kort na sy terugkeer onder meer tot lid van die Volksraad vir Pretoria verkies, waar hy ten nouste met JF Celliers saamgewerk het.²⁸ Celliers het in hierdie tyd blykbaar deurgaans die beleid gevolg om nooit

26 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1883-06-09, p 2 (Festivities at Eerste Fabrieken); JG Kotzé, *Memoirs and reminiscences II*, pp 25-26.

27 P Kruger, *Gedenkschriften*, gedikteer aan HC Bredell en Piet Grobler (Semarang, 1902), pp 110-1; EJP Jorissen, *Transvaalsche herinneringen 1876-1896* (Pretoria, 1897), pp 126-131; Archief Nederlands-Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV), VI/506, Amsterdam, SJP Kruger - FL Cachet, Nederland, 1883-03-03; DW Krüger, *Paul Kruger 1883-1904 II* (Johannesburg, 1963), pp 12-8; Vir die verhouding tussen Kruger en Leyds, sien onder meer Kees van Hoek, *Gesprekke met Dr. W.J. Leyds*, pp 35-36.

28 EJP Jorissen, *Transvaalsche herinneringen 1876-1896*, pp 131-132.

na Leyds in *De Volksstem* te verwys nie.²⁹

Met die bespreking in die Volksraad van die kwessie oor uitspanplekke vir reisigers in September 1884, is Kruger deur Celliers en *De Volksstem* daarvan beskuldig dat hy daarop aangedring het dat sy standpunt in hierdie verband streng gevolg moes word. Volgens Celliers sou Kruger opgewonde en aggressief gereageer het toe dit nie plaasvind nie en dié saak eers na 'n kommissie van vyf lede verwys is.³⁰ In Mei 1885 toe Kruger se verslag oor sy besoek aan die suidwestelike grens bespreek is, was hy en Jorissen klaarblyklik in 'n ernstige woordewisseling in die Volksraad betrokke. Celliers het hierdie aangeleentheid in 'n hoofartikel bespreek en het Kruger daarvan beskuldig dat hy sy humeur verloor het en het sy optrede betreur.³¹ 'n Paar maande tevore het Celliers in 'n hoofartikel die beswaar van 'n aantal lede van die Volksraad bespreek waarin hulle Kruger verwyt dat hy te dikwels aan debatte deelneem. Volgens Celliers het Kruger nie daarmee die belang van die land of sy eie waardigheid as regeringshoof gedien nie.³² Kruger het skynbaar ongemaklik oor hierdie beskuldiging gevoel. Tydens een van die sittings het hy dus die saak te berde gebring. Hy het verduidelik dat in gevalle waar meer inligting verlang is, hy verplig gevoel het om dit te verskaf en te verduidelik. Die voorsitter van die Volksraad, CJ Bodenstein, het Kruger gelyk gegee. Hy het daarop gewys dat hoewel lede slegs twee by twee geleenthede oor spesifieke sake kon praat, die Staatspresident daarop geregtig was om dit so dikwels as wat nodig was, te doen, ten einde meer inligting oor onderhawige aangeleenthede te verskaf.³³ Hierdie kwessie was egter nie daarmee afgehandel nie en het later weer in die Volksraad ter sprake gekom.³⁴ In 1895 het Kruger andermaal die oorwinning behaal toe 'n meerderheid burgers hom in petisies hiermee ondersteun het.³⁵

Celliers het Kruger in 1885 dit verder ten laste gelê dat hy dikwels te liggeraak was oor teenstand in die Volksraad teen regeringsvoorstelle. In hierdie verband het Celliers na drie voorbeeldelike verwys – toe vier lede van die Volksraad teen spoorwegkoncessies gestem het; toe sommige lede teen die kwessie

29 LWS Leyds-Roeff en WJ Leyds, *Onze Eerste Jaren in Zuid-Afrika 1884-1889* (Dordrecht, 1938), p 127.

30 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* (Hoofartikel), 1884-09-16.

31 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-01-14 (Hoofartikel).

32 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-01-22 (Hoofartikel).

33 Universiteit van Pretoria (hierna UP) Bibliekdienste, Africana-afdeling, Notule van die Volksraad 1884-09-11, gepubliseer in *Bijvoegsel tot de Staatscourant der ZA Republiek*, 1881-10-09.

34 UP, Bibliekdienste, Africana-afdeling, Notulen van den Eersten Volksraad, 1894-05-22, gepubliseerde weergawe.

35 UP, Bibliekdienste, Africana-afdeling, Notulen van den Eersten Volksraad, 1895-06-19, gepubliseerde weergawe.

van uitspanplekke gekant was; en toe 'n lid beswaar aangeteken het teen 'n regeringsvoorstel om aan die Staatspresident 'n nie-amptelike raadgewer toe te staan met sy beoogde besoeke aan dele van die staat. Volgens Celliers het Kruger se houding nie die waardigheid van die staatshoof of die vryheid van gedagtewisseling in die Volksraad bevorder nie.³⁶

Vroeg in November 1885 het Celliers in 'n inleidingsartikel omvattende kritiek teen Kruger uitgespreek. Hy was toe van oordeel dat 'n politieke krisis op hande was, asook dat toestande in die staat gedurende die voorafgaande drie jaar versleg het. Celliers het verder die standpunt ingeneem dat die posisie van Kruger as staatspresident toenemend onhoudbaar geword het. Daarom het *De Volksstem* selfs, in die lig van Kruger se vroeëre belofte om vredesvaart uit te tree wanneer die volk dit in landsbelang nodig sou ag, 'n beroep op hom gedoen om hom daarby te berus.³⁷ Celliers het oënskynlik in die daaropvolgende jaar of twee steeds hierdie standpunt gehandhaaf. In Augustus 1887, op die vooraand van nominasies vir die staatspresidentsverkiesing, was *De Volksstem* skerp negatief oor twee van die waarskynlike kandidate, SJP Kruger en PJ Joubert. Volgens *De Volksstem* was nie een van hulle voldoende toegerus vir hierdie belangrike amp nie – 'n taak wat in die volgende jare toenemend veeleisend sou word. Tog het *De Volksstem* toegegee dat hy nie by magte was om hierdie posisie enigsins te verander nie en het selfs die mening uitgespreek dat van die twee genoemde persone, Kruger die beter staatsman sou wees.³⁸ Kort hierna, in die inleidingsartikel van 23 Augustus 1887, het Celliers op ander koerante se reaksies op sy voorgenoemde standpunt gewys. Hiervolgens sou die *Zuid-Afrikaan* in 'n groot mate met Celliers saamgestem het. Dié koerant het verder die name van ander moontlike kandidate genoem, naamlik president JH Brand van die Vrystaat, JH Hofmeyr van die Kaap en hoofregter FW Reitz van die Vrystaat. Indien hierdie persone egter nie beskikbaar sou wees nie, was dit die *Zuid-Afrikaan* se standpunt dat Kruger herkies moes word. Volgens dié koerant het Kruger immers op 'n ondubbelzinnige wyse vaardighede en patriotisme in dié amp aan die dag gelê.³⁹ Die *Transvaal Advertiser* het hoofregter JG Kotzé as kandidaat aanbeveel, maar Celliers het in hierdie stadium nie dié voorstel ondersteun nie.⁴⁰

36 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-01-22 (Hoofartikel).

37 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-11-02 (Hoofartikel).

38 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1887-08-09 (Hoofartikel). Vergelyk ook UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1887-10-20 (Hoofartikel).

39 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1887-08-23 (Hoofartikel).

40 UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1887-08-30 (Hoofartikel).

Ondersteuning met Kruger se herverkiesing as president, 1888

Met die presidentsverkiesing op hande het dit tog voorgekom of die verhouding tussen Celliers en Kruger verbeter het. Kruger en ander lede van die Uitvoerende Raad het byvoorbeeld die funksie met die ingebruikneming van die nuwe gebou vir *De Volksstem* in Kerkstraat op 5 November 1887 bygewoon. Celliers het dié geleentheid benut om in 'n toespraak te beklemtoon dat *De Volksstem* nooit die mondstuk van enige regering was nie en is hierin deur dr Jorissen ondersteun.⁴¹ Enkele weke later het *De Volksstem* weer sy mening oor die komende presidentsverkiesing in 'n hoofartikel uitgespreek. Celliers het dit toe as sy laaste geleentheid vir kommentaar voor die verkiesing oor dié aangeleentheid beskou. Hierin het hy by die kiesers aanbeveel om Kruger te ondersteun omdat hy dit in nasionale belang geag het. Hy het terselfdertyd sy teleurstelling uitgespreek dat PJ Joubert aangedui het dat hy Kruger sou teenstaan. Volgens Celliers het Kruger wel tekortkominge en foute openbaar, maar het hy nogtans die onafhanklikheid en selfstandigheid van die ZAR kragdadig voorgestaan.⁴²

Ten spye van Celliers se voorneme om nie weer voor die presidentsverkiesing hieroor kommentaar te lewer nie, het hy hom kort hierna tog daartoe verplig gevoel. Dit het saamgeheng met venynige propaganda wat Joubert-ondersteuners teen Kruger in 'n ope brief en in 'n korter stuk versprei het. *De Volksstem* het met verontwaardiging daarop gereageer en het die vraag gevra of enigiets in die stryd om die presidentskap toelaatbaar was. Dié koerant het die mening uitgespreek dat Joubert verantwoordelik gehou moes word om hierdie onsmaakklike propaganda te verwerp of andersins daarvoor aanspreeklik gehou moes word.⁴³

Amper gelyklopend met hierdie hoofartikel, het Celliers ook positiewe opmerkings van John X Merriman oor Kruger gepubliseer, nadat dié Kaapse politikus Kruger besoek het. Teen die betrokke tydsagtergrond kon ook hierdie waarnemings Kruger se kandidatuur bevoordeel het:⁴⁴

President Kruger is a most reasonable man to deal with, and as far as liberality goes and good legislation is concerned he is a great deal better than some of the governors of our British colonies ... In the course of conversation the President told me that he was most anxious to do what he could to meet fairly the wishes of the people who have brought capital and prosperity into the country. Paul Kruger is certainly the only man

⁴¹ UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1887-11-07, p 2.

⁴² UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-01-13 (Hoofartikel).

⁴³ UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-01-24 (Hoofartikel).

⁴⁴ UNISA Biblioteek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-01-27 (Mr Merriman's opinion of Paul Kruger).

fitted to govern the Transvaal. He is very able indeed, and considering his want of education – which he is persistently telling you about – the grasp he has of business matters and business details is really something wonderful. When you get over his uncouthness, Paul Kruger displays every readiness to master the details of any subject brought before him; and how he manages to get through his correspondence is a mystery. President Kruger runs the whole Government coach himself, and unless he was a man of great natural ability, it would be impossible for him to hold the reins...

In teenstelling met sy skerp kritiek teen Kruger enkele maande tevore, het *De Volksstem* Kruger se herverkiesing tot staatspresident in Mei 1888 met 80% van die stemme verwelkom. Trouens, die oorweldigende steun vir Kruger by die stembus het ongetwyfeld bygedra tot Celliers se oënskynlike herwaardering. In 'n hoofartikel het *De Volksstem* dit onomwonde gestel dat die bevolking 'n bykans grenslose vertroue in Kruger gestel het. Kruger moes hierna sy sterk vertoning benut om goed en rigtinggewend te regeer. Wat vir ander leiers tevore nie moontlik was nie, kon hy nou uitvoer. *De Volksstem* het ook in hierdie verband sommige van Kruger se prestasies gedurende die voorafgaande vyf jaar uitgewys: die verbetering in wetgewende aangeleenthede, die toename van die getal staatsdiensamptenare, die vestiging van 'n artilleriekorps en 'n berede polisiemag en die uitbreiding en verbetering van die pos- en telegraafdiens. Celliers het daarbenewens die suksesvolle besoek van die deputasie onder leiding van Kruger aan Brittanje en die sluit van die Konvensie van Londen, asook die onderhandelinge vir 'n wesgrensoplossing genoem. In hierdie ontwikkelings het Celliers Kruger se sleutelrol uitgewys.⁴⁵ In die daaropvolgende hoofartikel het Celliers bykomende kommentaar oor die wesgrenskwessie, asook oor die onderwys gelewer. Ten opsigte van laasgenoemde het hy die rol van SJ du Toit, as hoof van daardie departement, gekritiseer. Hoewel Celliers die belangrikheid van die ontdekking van goud in die nuwe voorspoed van die ZAR erken het, het hy ook op Kruger se belangrike aandeel in hierdie verband gewys. Hy het die hoop uitgespreek dat Kruger homself toenemend as 'n ervare en goeie regeerde sou vestig.⁴⁶

Hierbenewens het Celliers op 'n baie positiewe wyse verwys na die beëdigingseremonie op 8 Mei 1888 van Kruger as Staatspresident vir die volgende termyn. Volgens *De Volksstem* was Kruger se toespraak by hierdie geleentheid belangrik en op die punt af en het by almal teenwoordig, byval gevind. Celliers was van oordeel dat dit duidelik, openhartig en eerlik was. Verder was dit sy mening dat Kruger se reuse-oorwinning hoofsaaklik daaraan

45 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-05-04 (Hoofartikel).

46 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-05-08 (Hoofartikel).

toegeskryf kon word dat die Transvaalse bevolking daarvan oortuig was dat hulle onafhanklikheid veilig in sy hande was.⁴⁷

Intussen het Celliers onderhandelinge met die regering aangeknoop om die gebou wat *De Volksstem* gehuisves het en die drukpers aan hulle te verkoop. *De Volksstem* self is aan een Wicher Jonker verkoop. Celliers se laaste hoofartikel het op 31 Julie 1888 verskyn. Na Jonker se afsterwe 'n jaar later, het dr FV Engelenburg die redakteur geword.⁴⁸

Standpunte in die Volksraad tot 1895

Ten spye van Celliers se positiewe opmerkings met Kruger se verkiesing, het hy voortgegaan om voorstelle en maatreëls van Kruger en die Uitvoerende Raad krities in die Volksraad te beoordeel wanneer hy dit nodig geag het. Sy sterk teenstand teen Kruger se voorstel vir die instelling van 'n Tweede Volksraad op 21 Junie 1888 is 'n goeie voorbeeld hiervan en word bykans volledig aangehaal:⁴⁹

Het schema had z.i. ernstige bezwaren. In Engeland hare kolonien en elders vindt men een dubbele wetgeving; een Eerste en Tweede Huis, maar overal wenscht men het Eerste Huis af te schaffen. De geest des tijds is tegen twee Kamers. Spreker's tweede bezwaar was dat er twee partijen zouden ontstaan, zoodra de twee Kamers in het leven werden geroepen. Partijschappen vooral zijn tegen het belang eener Republiek. Zijn derde bezwaar was het gevaar van botsing of stilstand van wetgeving. Het schema is zeer onvolledig. De onderlinge verhouding der Kamers is niet bizonder uiteengezet. De omschrijving van de bevoegdheid der Tweede Kamer is zeer vaag. Spreker zette zijn gevoelen in deze nader uiteen en toonde aan, dat wegens de werking der Kamers en den aard van de samestelling, het er toe kon komen, dat de minderheid de meerderheid beheerschte, en dat die toestand abnormaal was. De lichtpunten die spreker in het schema zag waren: het bewijs dat er voor de nieuwe inkomelingen inlag van een gedeeltelijke erkenning hunner rechten en verder dat de kwaal haar eigen geneesmiddel zou meebrengen. Indien er gevraagd werd wat in de plaats te stellen, zou hij denken de nieuwe inkomeling meer in vertrouwen moest worden genomen dan nu. Dat door uitbreiding van het kiesrecht en kiesbevoegdheid hij meer aan ons moest worden verbonden. Amerika was z.i. het voorbeeld dat we in deze kondens navolgen. Spreker toonde aan hoe men daar het kiesrecht en de kiesbevoegdheid erlangt. Men spreekt van het bewaren der onafhankelijkheid, maar hij meende de suprimitie van de oude boven

47 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-05-11 (Hoofartikel).

48 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1888-05-31 (Hoofartikel); PG Badenhorst, "Die Geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1903", pp 11-4.

49 UP Bibliotekdienste, Africana-afdeling, Notule van die Volksraad 1888-06-21, art. 53, gepubliseer in *Bijvoegsel tot de Staatcourant der ZA Republiek*, 1888-08-15.

de nieuwe bevolking werd beoogd. Men schijnt bevreesd te zijn voor overstemming, maar als er overal kiesafdeelingen werden daargesteld, zou de verhouding dier representanten tot die der oude bevolking staan als 6 of 8 tegen 30. Die nieuwe bevolking verzet zich tegen de Wet niet, maar ze is niet tevreden, omdat de wetgeving beslist over de bestemming der geldmiddelen waartoe zij bijdraagt. Spreker geloofde het best was geen opdracht tot publicatie te doen, daardoor zouden we ons moreel verbinden om a.s. jaar in het concept te treden. Maar we kunnen den wensch uitspreken dat de Regeering de concept-wet dadelijk publiceeren zal. De pers zal dan het hare er over zeggen, het publiek zal komen met memories en in 't geheel zullen we in staat zijn er beter over te oordeelen.

Na die instelling van die Tweede Volksraad het Kruger in Julie 1891 kortlik verduidelik waarom dit ingestel is. As gevolg van die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het groot getalle buitelanders na die ZAR gestroom. In verhouding tot die relatief klein plaaslike witte bevolking, was hierdie instroming ongekend. Gevolglik is wetgewing aanvaar wat die onafhanklikheid van die staat en aangeleenthede in verband daar mee in die hande van die Eerste Volksraad verskans het. Wat die Tweede Volksraad betref, is dit ingestel om die nuwe inkomelinge 'n stem te gee in aangeleenthede wat op hulle betrekking gehad het.⁵⁰ Dit is interessant dat Celliers na die instelling van die Tweede Volksraad tot hierdie liggaaam verkies is, ten spyte van sy vroeëre teenkanting daarteen.⁵¹

'n Volgende aspek waaroor Kruger en Celliers verskil het, was konsessies. Volgens die historikus JS Marais kan konsessies soos volg saamgevat word:⁵²

The concessions were actually monopolies, and their purpose was said to be the promotion of industrial development in the Transvaal. Influential burghers and foreigners obtained these grants from the government without much difficulty, but they were insecure until the sanction of the volksraad had been obtained.

Kruger het reeds vanaf 1881 standpunt ten gunste van konsessies in Transvaal ingeneem om die industrie en die ekonomie te stimuleer. Met die inwyding van Eerste Fabrieken in 1883 het hy weer die geleentheid benut om sy mening hieroor te stel. Hy het verwys na "die aanvang van één van die nywerhede tot die ontwikkeling van ons hulpbronne ... ek het met my eie oë gesien dat beskerming deur middel van konsessies nodig is om plaaslike nywerhede in die

50 UP Bibliotekdiente, Africana-afdeling, Notulen van den Tweeden Volksraad, 1891-07-22, artikel 886, gepubliseerde weergawe.

51 WJ de Kock en DW Krüger (reds), Celliers, Johannes Francois, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp 130-131.

52 JS Marais, *The fall of Kruger's Republic* (Oxford, Clarendon Press, 1961), p 23.

lewe te roep".⁵³ Kruger het in die daaropvolgende jare voortgegaan om hom ten gunste van konsessies/monopolie uit te spreek.

In teenstelling hiermee het Celliers in Januarie 1885 in 'n hoofartikel sterk standpunt ingeneem teen die Krugerregering se hantering van konsessies ten opsigte van die goudvelde in die Laeveld. Hy was afkerig daarvan dat mynregte op edelgesteentes en metale oor groot gebiede deur middel van konsessies aan enkele persone of maatskappye toegestaan is. Hy was van oordeel dat dit nadelig vir die land was en dat hy die steun van die bevolking geniet. Dit het hom daarom verheug dat Kruger homself in daardie stadium ten gunste daarvan uitgespreek het om sekere regeringsgrond vir vrye delwersye in daardie omgewing oop te stel en dit nie meer in terme van konsessies te hanteer nie.⁵⁴ Ten opsigte van ander konsessies het Celliers reeds van ten minste September 1884 af gereeld aan debatte in die Volksraad daaroor deelgeneem en op meer inligting aangedring waar nodig.⁵⁵

Hierbenewens het Celliers oor verskillende ander aangeleenthede sterk menings in die Volksraad nagehou – onder meer oor die kwessie van nouer samewerking met die Vrystaat, die totstandbrenging van 'n departement landbou in Transvaal, die Vrystaatse spoorlyn na Johannesburg en die kwessie van Indiërs in Transvaal. In sommige van hierdie gevalle het hy met Kruger saamgestem.⁵⁶ Hy is onverwags in Maart 1895 in Johannesburg oorlede kort nadat hy suksesvol vir nog 'n termyn tot die Tweede Volksraad verkie is.⁵⁷ Sy afsterwe het 'n interessante nasleep vir Kruger ingehou toe lede van die Celliersherdenkingskomitee, bestaande uit hoofregter JG Kotzé, dr FV Engelenburg wat toe redakteur van *De Volksstem* was, en ander hom op 7 September 1895 besoek het. Hulle het 'n regeringsbydrae versoek ter ere van die nagedagtenis van Celliers om byvoorbeeld 'n olierverfskildery van hom en 'n studiebeurs tot stand te bring. Kruger se standpunt was egter dat in so 'n geval dit 'n voorbeeld kon skep waarop talle ander soortgelyke merietevolle gevalle hulle kon beroep en dat dit teen daardie agtergrond nie gewens was nie.⁵⁸

53 JS Bergh, *Paul Kruger. Speeches and correspondence, 1850-1904*, pp 345-346.

54 UNISA Bibliotek, Africana-afdeling, *De Volksstem* 1885-01-22 (De Volksraad IV).

55 UP Bibliotekdienste, Africana-afdeling, Notules van die Volksraad, 1884-09-11 tot 16, gepubliseer in *Bijvoegsel tot de Staatscourant der ZA Republiek* 1884-10-09; Notule van die Volksraad 1888-05-17, gepubliseer in *Bijvoegsel tot de Staatscourant der ZA Republiek* 1888-06-06.

56 UP Bibliotekdienste, Africana-afdeling, Notules van die Volksraad, 1888-07-10, 1890-05-09, 1890-05-16 tot 17 en 1890-05-29 en 30, gepubliseer in *Bijvoegsels tot de Staatscourant der ZA Republiek*.

57 WJ de Kock en DW Krüger (reds), Celliers, Johannes Francois, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp 130-131.

58 JG Kotzé, *Memoirs and Reminiscences II*, p 229.

Gevolgtrekking

Die interaksie tussen Kruger en Celliers vanaf die jare 1870 het bygedra om Kruger se skerpsinnigheid en intellektuele ingesteldheid te slyp. Celliers was 'n persoon met 'n breë en ontwikkelde agtergrond wat dikwels, veral gedurende die aanvangsjare van hulle verhouding, nie gehuiwer het om Kruger regstreeks te konfronteer nie. Hy is hierin bygestaan deur sy vriend, dr EJP Jorissen, wat goed op hoogte was van die jongste intellektuele strominge in Europa. Hierdie interaksie het Kruger voorberei op sy verhouding en gesprekke met Britse goewerneurs en hoë kommisarisse in suidelike Afrika, Kaapse politici soos Cecil John Rhodes en John X Merriman, asook Britse politici in die Verenigde Koninkryk.